Die onmisbare bestanddeel

Ds. Willem Louw

Skrif: Josua 1:8-9 en Joh.13:34-35

Ek weet nie of jy dit ook al oorgekom het nie. Jy het daardie wonderlike gereg by iemand geëet en dan vra jy die resep om dit self te gaan maak. Jy sien so uit na die dis. Wanneer jy dit met opwinding voorsit, kom jy agter dit smaak net nie dieselfde nie. Dikwels is dit net een bestanddeel of een stap wat jy weggelaat het wat die verskil maak. ’n Vriend van my (Steve) vertel hoe hy een Sondagmiddag toe sy vrou geslaap het, ’n ongelooflike lus vir skuimpies gekry het. Hy gryp toe die resepteboek en doen alles wat die kitsresep voorskryf. Die laaste stap was: plaas dit in die mikrogolf en bak dit. Hy plaas toe die hele mengbak daarin en skakel die mikrogolfoond aan. Toe hy later weer voor die oond kom, was die hele oond toe deur een soliede skuim. Hy neem toe maar ’n teelepel en begin uit die oond eet! Hy het een stap, een element weggelaat en die eindproduk was net nie wat dit veronderstel was om te wees nie.

Neem bv. die suurdeeg uit brood, en jy kry ’n harde stuk brood. So is daar ’n bestanddeel wat kritiese is by elke resep. God het ons gemaak om Sy beeld draers te wees. Om as Sy dissipels die wêreld in te gaan en die deernis van God se liefde met almal te gaan deel.

Ons staan reg aan die begin van ’n nuwe jaar. Gestel ons sou vandag vir die Here vra: **“Wat is die heel belangrikste ding wat ek in hierdie jaar in my karakter en lewe moet verander of byvoeg om sukses in U oë te behaal?”** Wat dink jy sal God jou antwoord? (Neem ’n paar oomblikke en mediteer hieroor en kyk of jy ’n antwoord in jou gedagtes kry)

Ek het ook hierdie vraag gevra ten opsigte van ons gemeente. “*Wat is die heel belangrikste ding wat ons as gemeentelede in hierdie jaar in ons lewe moet verander om sukses te behaal?”*

Dikwels is dit net een aspek wat in ons karakter ontbreek wat jou en my verhinder om die doel wat God met ons lewe het, te bereik. Eerlike selfondersoek en verootmoediging voor God is altyd nodig.

1. Gehoorsaam God se Woord 100%

Moses het ’n geestelike honger gehad om God te leer ken en Sy wil te gehoorsaam *(**Exo.33:13** “AS u my dan goedgesind is, maak my U wil bekend, sodat ek U kan leer ken en kan doen wat U verwag.”).* Hy het begeer om in ’n verhouding met God te leef en God te gehoorsaam. Die Here het vir Moses stap vir stap begelei. Uiteindelik het God vir Moses in een van sy mees intiemste ontmoetings, **die tien gebooie** gegee. Dit was die kruks van die volk se godsdienstige opvoeding en toewyding aan God.
Later toe **Josua** by Moses oorgeneem het en op die punt gestaan het om die beloofde land in te neem, het die Here weer vir Josua aan die wenresep herinner. Gehoorsaamheid aan God was nodig om sukses te behaal. *“**Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan**. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees.” **Josua 1:8*** Die wetboek waarna hier verwys word, is nie die volle Bybel nie, maar die eerste 5 boeke van die Bybel (Pentateug) waaroor die volk destyds beskik het. In ons verwysingsraamwerk, sou ons vandag na die hele Bybel kon verwys as ons rigsnoer.

Let op: God vra: Oordink dit dag en nag. Sorg dat jy alles uitvoer wat daarin staan. **Om God se Woord 100% te gehoorsaam, moet dus ons prioriteit wees**. Soms het mense ’n goeie kennis van die Bybel, maar dit verander nie hul karakter nie. **Karakterbou begin waar jy jou 100% aan God onderwerp. Karakterbou begin waar jou dade ooreenstem met jou woorde.** Die klem val hier daarop dat jou lewe en karakter, jou keuses en optrede, deur God se Woord bepaal sal word. So word jy ’n beelddraer van God.

Jesus se hele lewe op aarde illustreer hoe Hy in ’n intieme verhouding met God die Vader gelewe het. Dit lyk my is die groot bestanddeel van sukses wat Jesus aan ons wou leer. Hy was absoluut gehoorsaam aan alles wat Sy Vader vra. Selfs tot in die dood! Iemand wat dus lief is vir God, sal so ’n honger en dors na Vader se Woord hê, dat jy ook begeer om Sy Woord te gehoorsaam.
Voorbeeld:

- Jesus sê in **Joh.4:19-20** *“Die Seun kan niks uit sy eie doen nie. Hy doen maar net wat Hy die Vader sien doen; wat die Vader ook al doen, doen die Seun ook net so. Die Vader het die Seun lief en wys Hom alles wat Hy doen…”*
- ***In Getsemane*** het Jesus gekies om Sy Vader te gehoorsaam, al het hy geweet dit sal ’n kruisdood vir Hom inhou.

2. Leef in ’n liefdes verhouding met God

In die Nuwe Testament sien ons dat Jesus heeltemal wegbreek van wettiese reëls en regulasies. **Jesus kom lê die klem op verhoudings. Jesus vra dat ons in ’n liefdesverhouding met Hom en die Vader sal lewe.**

Die week kuier Adolph by my en ons gesels oor hierdie innige verhouding met God. Hy het dit met die beeld vergelyk van ’n plantjie wat deur God geskep is en in die aarde groei. Die plantjie kry sy water en voedingstowwe uit die grond. Die grond is selfs die plantjie se anker! Die oomblik as jy daardie plantjie met wortels en al uit die aarde trek, verbreek jy die intieme verhouding wat daardie plantjie met die aarde het. Die plantjie verloor alles wat nodig is om te groei en vrek.

Jesus som die **tien gebooie** op in twee enkele liefdes beginsels: **Mt.22:37-40** *“Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en jou hele siel en met jou hele verstand… en jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”*

Jesus gaan verder as net die liefde teenoor Sy Vader: Hierdie omgee liefde het Jesus ook op ’n nederige wyse uitgeleef teenoor alle mense rondom Hom. Hy illustreer dit deur sy dissipels se voete te was.
Jesus praat van ’n nuwe gebod wat Hy vir ons kom gee: **Joh.13:34-35.** *“Ek gee julle ’n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle ook mekaar liefhê.* ***As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van God is.”***

Hierdie dienende omgee liefde vir alle mense, is die kenmerk waaraan Jesus wil hê ek en jy tussen alle mense uitgeken moet word! ’n Liefde wat diep uit die Vaderhart gebore is en deur die Heilige Gees wat in ons woon, aangeblaas word.

3. Leef so vol van God se liefde, dat die mense rondom jou, sal begeer om ook God se dissipels te word.

Ons weet reeds die kerk is nie ’n gebou nie. Die kerk is ek, jy en elke gelowige. **Elkeen van ons moet leef soos Jesus hier op aarde sou leef,** of ons nou by ons werk, die klaskamer, of by ons huise is. Jesus noem ons Sy kerk, Sy liggaam. **Ef.1:23 sê: “Die Kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.”** Wat beteken hierdie woorde? Dit beteken Jesus wil jou en my liggaam gebruik om al sy drome in hierdie wêreld te vervul! Ons is die medium waardeur

God Sy volheid aan hierdie wêreld wil oordra. Daar is nie'n plan B nie. God kan ons net gebruik as ons soos Hy lewe en optree! **1Joh2:6 sê: *" Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het."***

Ons leef dikwels so liefdeloos en mor en kla so oor alles in hierdie lewe, dat bitter min van God se liefde en passie deur ons lewe uitgestraal word.
(Voorbeeld; Verhaal van die dapper genl. Alexander wat die oorlogfront besoek het en in die veldslag gesien het hoe lafhartig en bang'n troep is. Hy het besef daardie lafhartigheid sal hulle die oorlog kos. Hulle het dapper manne nodig gehad. Hy laat roep toe die troep. Hy vra hom wat sy naam is. Alexander is my naam generaal. Die generaal was buite homself. Hy het gesê: "Change your name or change your conduct!")

Vraag: Hoe lief het jy vir God? Leef ons werklik in 'n verhouding met God? Wat weerspieël ons lewe van God. Is ons sensitief vir God en verstaan ons Sy droom vir ons lewe?

Vraag: Wanneer is ons as Sy kerk suksesvol in wat ons doen? Daar is weliswaar baie maatstawwe wat ons kan gebruik om sukses te meet. Party wil getalle gebruik (vol kerke), ander wil bedrae gebruik (groot bedrae in die bank of groot skenkings), ander wil projekte gebruik. Is dit regtig die tipe sukses wat God van Sy kerk in 2010 verlang? Ons het eintlik kerk-wees baie ingewikkeld gaan maak. Jesus het eintlik vir ons'n baie eenvoudige opdrag gegee. **Hy vra: Leef so vol van God se liefde, dat die mense van hierdie wêreld ook sal begeer om My dissipels te word.** Doop hulle *(gee My merkteken aan hulle),* en leer hulle om My Woord te gehoorsaam.

- *Paulus skryf vir die Filippense en sê min of meer: Julle is nou* geredde kinders van God. Julle het nou geproe wat die liefde van God is. Julle het nou die Gees se werking beleef, maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: ***<u>een in liefde een in hart, een in strewe.</u>***
  "Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van die ander." Fil2:2-3 God se liefde in ons, word sigbaar deur die wyse waarop ons met mekaar omgaan.

Weet u hoe begeer elke mens om lief gehê te word. Om te voel dat iemand vir hom of haar omgee. Die wêreld is stukkend. Mense verkul mekaar. Jy sien dit in

besigheid, jy sien dit in verhoudings, in huwelike, ens. Hierdie aaklige karakter het nou al selfs deel van ons Christene se leefstyl geword. Wat is fout met ons?

Jesus vra: Gee net om vir mekaar. Wees vir mekaar lief. Moenie selfsugtig leef nie! **Waarom sukkel ons so om liefde uit te leef?** Ek het mense begin dophou en ek het myself ondersoek. Wanneer sukkel ons om liefde vir mekaar uit te leef?

Het u agtergekom: Hoe meer ons verhouding met God verbreek word, hoe leliker en selfsugtiger word ons optrede teenoor mekaar.
Hoe nader (intiemer) jy in 'n liefdesverhouding met God die Vader leef, hoe makliker word dit om ook hierdie liefde uit te leef teenoor jou naaste. (As ons, soos daardie plantjie, uit ons verhouding met die Vader ontwortel word, gaan ons geestelik dood. Dan doof ons God se karaktertrekke in ons lewe uit).

- Weet u, die skokkende is: Al weet ons dit is waar, is ons liefde vir God dikwels so oppervlakkig, dat ons nie bereid is om opofferinge te maak om God beter te leer ken deur Bybelstudie of selgroepies by te woon nie. Dis asof ons kies om 'n ontwortelde plantjie te wees!

Elke keer waar liefde vir God ontbreek, taan ons liefde ook vir ons medemens en tree daar sondige gedrag na vore. Voorbeeld: As ek **Geld** liewer het as vir God, dan gaan ek God se voorskrif hoe om met geld te werk ignoreer en gou-gou in sonde beland. As ek **my eie belange** verhef bokant die van God en my medemens, dan sal ek binnekort in stukkende verhoudinge met alle mense rondom my lewe.

4. Liefde is die kern bestanddeel van God se karakter. Hieraan word al Sy volgelinge uitgeken.

God se hele wese is liefde. Sy karakter is liefde. 1Kor.13 sê as ek en jy nie liefde het nie, dan help alles wat ons is en doen, net mooi niks nie! Die ryk jongman in Luk.18 was suksesvol en het aansien in sy gemeenskap gehad, boonop het hy die hele wet onderhou! Hy was "on top"! Tog word hy teruggestuur deur Jesus. Gaan verkoop alles wat jy het, deel dit aan die armes uit, kom dan terug en volg my! Hoe groot is jou en my liefde vir Jesus? Daardie liefde word gewoonlik weerspieël in jou omgee liefde vir jou medemense.

1Joh.4:8 sê: ***"Wie nie lief het nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde."***

1Joh.4:12 sê: **"Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik."** In die praktyk beteken dit: Mense in ons dorp, wat God nie eers ken nie, behoort die omgeeliefde in ons lewe raak te sien, en dit sal hulle laat verlang om ook in 'n verhouding met God te leef!

Ons het die prekie gehoor. Is dit nou klaar? Nee! **Nou, kom die eintlike deel, die toepassing van wat ons gehoor het!** Ek en jy moet vandag besluit of ons God se liefdeskarakter wil uitleef en of ons net op onsself en ons eie belange gaan fokus.

Voor jy wegspring. Onthou aanplak liefde gaan nie werk nie. Jy gaan jou humeur gou-gou verloor. Jou enamel lagie gaan gou- gou afsplinter. Die boompie wat se wortels nie diep in die aarde geanker is nie, gaan nie groei nie en ook nie geanker bly teen die stormwinde van die lewe nie.

Dus, **begin deur jou baie diep in te grawe in jou liefdesverhouding met Vader**. Eet die Woord, lees dit, leef dit, praat dit en droom van jou verhouding met God. Daarna sal die spontane behoefte by ons opkom om ons medemens te begin dien! Geen wonder **Hand.20:35** sê: *"Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: Om te gee maak mens gelukkiger as om te ontvang!"*

- Sal jy hierdie week na mense uitreik tot binne hul leef wêreld. Sal jy vriende maak met die wat stukkend is, die wat hard en liefdeloos geword het, die wat lankal nie meer kerk toe wil kom nie. Ons mag hulle nie afskryf nie. Jesus het net vir jou en my om hulle te laat ervaar hoe lief Hy vir hulle is. **Mense moet Jesus se liefde vir hulle, in ons optrede teenoor hulle sien.**
- Nog iets: Wees versigtig wat jy hierdie week van jou medemense dink en sê. Jou woorde kan mense afbreek of opbou! Jou woorde kan dood uitspreek oor mense of lewe in hul lewe inspreek! Sal jy oplet hoeveel van jou woorde is dikwels krities, liefdeloos, afbrekend of vol verbittering. Onthou Jesus het ons geleer om mense te vertroos, heling te bring waar mense verwond is en lewe te spreek waar ons gaan(Mt.10:12).

Terloops. Hierdie karakter van **LIEFDE** waaroor ek vanoggend met u praat is so belangrik, dat ons vanjaar dit **'n prioriteit saak in ons gemeente wil maak.** Ons het dit as **jaar tema** gekies. Ons het dit selfs op ons kalender en kitsgids gedruk. Dit alles sal egter nutteloos wees as ons dit nie gaan leef nie! Vanoggend wil God dit

op ons harte graveer. **Die bestanddeel waarvan ons almal te min in ons lewe het, is liefde. Gaan haal nog liefde by Vader en deel dit uit!**

<u>As ons dit wil waag om onsself Christus se liggaam te noem, moet Sy liefdeskarakter elke dag in ons lewens weerspieël word!</u>

Kom ons begin deur vanoggend onsself voor God te verootmoedig. **Vra: "Wat moet ek in my lewe verander om God se liefdeskarakter beter uit te leef?"**

Amen